



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIJP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die
 - rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ maar die
 - rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ✗
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vir die rede/motivering is VERKEERD = ✗ en sien die rede/motivering/aanhaling verkeerd na ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/ aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord ondersteep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
 - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
 - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woorde in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

VRAAG 1: Vuvuzelas is wonderlike instrumente, maar ... [Verwerk uit: *Die Burger*, 24 Junie 2009]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENKVLAK |
|-------|--|------|----|----|----------|
| 1.1 | <ul style="list-style-type: none"> • "Party mense hou van die geluid, terwyl ander dit nie kan verdra nie." • "Maar as 'n mens van die vuvuzela praat, verwys jy eintlik na die geluid wat dit maak." <p>(EEN SIN)</p> | 1 | 2 | 1 | 3 |
| 1.2 | <ul style="list-style-type: none"> • Dit is gebruik) om stamlede bymekaar te roep. • (Dit het) stamlede bymekaar geroep. <p>(Enige EEN)</p> | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | | | | | |

| | | | | | |
|-------|--|---|---|---|---|
| 1.3 | <ul style="list-style-type: none"> • (Dit beteken) "om (groot) geraas te maak". • (Dit beteken) om (groot) lawaai te maak. • ('n) blêrbuis • 'n Blasinstrument wat 'n groot geraas maak. (Nie net <i>blaasinstrument</i> nie.) <p>(Of soortgelyk)</p> | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 1.4 | <ul style="list-style-type: none"> • Van blik. (<i>blink</i> = spelfout – beïnvloed betekenis) • Van metaal. (<i>metal</i> = spelfout – Engels) <p>(Enige EEN)</p> | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 1.5.1 | Onwaar | 1 | 2 | 1 | 3 |
| 1.5.2 | <ul style="list-style-type: none"> • Jy kan jou vreugde (oor) of teleurstelling (in jou span) (se spel) uitdruk/wys. • Jy kan ook jou vreugde (oor jou span)(se spel) uitdruk/wys. • Die hoofdoel is net om die spelers te ondersteun. <p>(Of soortgelyk. Enige iets positiefs.)</p> | 1 | 2 | 1 | 3 |
| 1.6.1 | C/die vuvuzela 'n musiekinstrument is. | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.6.2 | A/die vuvuzela Suid-Afrikaners in die gees van sokker bymekaar kan bring. | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.6.3 | D/die vuvuzela deel van ons kultuur is. | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.7 | <ul style="list-style-type: none"> • Mn. Blatter kies (Suid-Afrika/kultuurgroepe/vuvuzela se) kant. • Mn. Blatter ondersteun/verstaan/gee voorkeur aan Suid-Afrika/n sekere kultuurgroep/een kultuurgroep/die sokkerkultuur. <p>(Of soortgelyk. Die kandidaat moet bewys lewer dat hy/sy verstaan dat partydigheid dui op eensydigheid; nie ander opinies in ag neem nie.)</p> | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 1.8 | <p>Antwoord moet in EEN VOLSIN gegee word om 'n punt te verdien, byvoorbeeld:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die vuvuzela moet/mag net binne/buite die stadion geblaas/gebruik word. • Die vuvuzela in sekere areas verban word. • Daar moet 'n reël wees dat vuvuzelas net geblaas word wanneer 'n doel aangeteken word. | | | | |

| | | | | | |
|----------------------|---|---|---|---|---|
| | (Of soortgelyk: dit moet duidelik uit die antwoord blyk dat die kandidaat uit die leesstuk afgelei het dat sommige mense van die vuvuzela hou en ander, o.a. oorsese besoekers, dit nie kan verdra nie. Dus die reël moet geld vir beide partye.) | 1 | 2 | 2 | 5 |
| 1.9.1 | <ul style="list-style-type: none"> • Met 'n/die gezoem van bye. • (ge)zoem • bye • Die geluid/geraas van bye. • (Die soet klank van) sukses. <p>(Enige EEN)</p> | 1 | 2 | 2 | 5 |
| 1.9.2 | <ul style="list-style-type: none"> • Dit is die klank van (baie) geld. • Dit verwys na die (baie) vuvuzelas wat hulle gaan verkoop. • Die lekker gevoel wat die "hulle" ("vaders" van die vuvuzela) gaan kry as hulle baie vuvuzelas verkoop/baie geld maak. • Die nuus dat die vuvuzela toegelaat gaan word en hulle geld gaan maak. <p>(Enige EEN of soortgelyk)</p> | 1 | 2 | 2 | 5 |
| 1.10.1 | <ul style="list-style-type: none"> • (Dit is) 'n FEIT. (Motivering) OF • (Dit is) 'n MENING. | 1 | 2 | 2 | 4 |
| 1.10.2 | <p>Motivering vir feit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hulle het in die 1990's die vuvuzela uit plastiek gemaak. • Hulle word die "vaders" van die moderne vuvuzela genoem. <p>(Enige EEN)</p> <p>OF</p> <p>Motivering vir mening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Omdat vaders tussen aanhalingstekens is • Hulle is nie regtig die vaders nie. • Daar was reeds mense/sokkerentoesiaste wat dit uit blik gemaak het. (Dit was dus reeds moderner as koedoehorings.) <p>(Enige EEN)</p> | 1 | 2 | 2 | 4 |
| SUBTOTAAL: 15 | | | | | |

VRAAG 2: Kry jou krag terug [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 29 Oktober 2009]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---------------------|---|------|----|----|-----------|
| 2.1 | <p>Die volgende in sinnetjies/net die vetgedrukte woord:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sy hare staan regop. • Die uitdrukking op sy gesig dui op skok. • Sy oë is wyd oop (gerek). • Sy mond is wyd oop (gerek). • Die straal op sy kop. • Sy wenkbroue wat lig. • Hy gil/skree. <p>Die volgende net in 'n sinnetjie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit lyk asof hy 'n geluid maak. <p>(Enige TWEE)</p> | 2 | 2 | 2 | 3 |
| 2.2 | dink/werk/leer/studeer/funksioneer/reageer/optree/konsentreer/redeneer (Enige EEN WOORD) | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 2.3 | C/baie hard studeer. | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 2.4 | (As) lekkers . | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 2.5 | slimkop(pe) (<i>slim koppe</i> = aanvaar as skryffout) (EEN WOORD) | 1 | 2 | 4 | 3 |
| 2.6 | <ul style="list-style-type: none"> • Daar is meer as een betekenis van die woord "krag". • Die advertensie (praat van krag en) wys hoe die seun geskok word. • Krag beteken energie/elektrisiteit. • Dit is in hoofletters/groot letters geskryf. • Dit trek mense se aandag. • Dit staan uit. • Dit lyk anders as die ander woorde/letters. <p>(Enige EEN of soortgelyk – die woord, KRAG, lig die visuele óf die woordbetekenis uit.)</p> | 1 | 2 | 4 | 5 |
| SUBTOTAAL: 7 | | | | | |

VRAAG 3: DIE MÔRESTER [Verwerk uit: *Die Burger*, 22 Maart 2010]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|-------|--|------|----|----|-----------|
| 3.1 | “vakansieskool” (vakansie skool = aanvaar as skryffout) (EEN WOORD) | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 3.2 | • C/leerders wat nie betyds opdaag • D/die vakke wat leerders kanselleer (Enige EEN) | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 3.3 | Graad 10 | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 3.4.1 | Onwaar | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 3.4.2 | • Die betaling sluit middagete, notas en 'n drasak in. • Die inskrywingsgeld sluit (ook) middagete/en 'n drasak in. • Die leerders kry (ook) middagete . • Die leerders kry (ook) 'n drasak . (Enige EEN) | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 3.5 | C/sekere vakke nie gaan aanbied nie. | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 3.6.1 | • Die leerders kan gewoon, vegetaries of halaal eet vir middagete. • Daar is 'n keuse tussen gewoon, vegetaries of halaal . • Die leerders kan kies uit drie soorte kos. • 'n Keuse van middagete (Enige EEN) | 1 | 2 | 1 | 3 |
| 3.6.2 | • Die ouers/voogde moet hul handtekeninge op die vorm gee. • Die ouers/voogde moet die vorm teken . • Die ouer weet nie noodwendig nie, want die voog het (die vorm) geteken. (Enige EEN) | 1 | 2 | 1 | 3 |

SUBTOTAAL: 8**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4: HOE LYK DIE LEWENS VAN SUID-AFRIKA SE JONGMENSE?**
TYDSKRIFARTIKEL [Verwerk uit: *Vrouekeur*, 14 Mei 2010]**ASSESSERINGSRIGLYNE****ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. 'n Opsomming in die verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Indien die opsomming te kort is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. 'n Volsin het 'n werkwoord/werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Kandidate MOET die **KORREKTE** getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

PUNTETOEKENNING

| ALGEMEEN | PUNTE |
|--------------------------------------|---------|
| - Feite | 7 |
| - Taal | 3 |
| - Formaat verkeerd | Minus 1 |
| - Getal woorde nie aangedui/verkeerd | Minus 1 |

| TAAL | PUNTE |
|--------------------|-------|
| 1 – 3 feite korrek | 1 |
| 4 – 5 feite korrek | 2 |
| 6 – 7 feite korrek | 3 |

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)

| | |
|----|----|
| F | 7 |
| T | 3 |
| Ft | -0 |
| W | -0 |
| = | 10 |

Hoe lyk die lewens van Suid-Afrika se jongmense?

| Die kenmerke van die lewens van Suid-Afrika se jongmense. | |
|---|--|
| Direkte aanhaling | Aanhaling/Moontlike verwerking |
| 1 Die lewens van Suid-Afrika se jongmense lyk anders as vyftig jaar gelede, soos ons uit die volgende voorbeeld kan sien. | Geen kenmerk nie. Slegs 'n inleidende opmerking. |
| 2 Jongmense se lewens draai om tegnologie. Baie van hulle kry reeds op 9-jarige ouderdom 'n eerste selfoon. Daarsonder voel hulle verlore. As ouer mense sukkel met 'n rekenaar of nuwe selfoon, word die jonges vinnig geroep om te help. | <ul style="list-style-type: none"> • Tegnologie is baie belangrik vir jong mense. OF • Jongmense kan nie sonder tegnologie klaarkom nie. OF • Jongmense is goed met tegnologie. OF (Of soortgelyk) |
| 3 Onderwysers kla dat leerders se luistervermoë swak is. Navorsing wys dit is omdat hulle gedurig blootgestel word aan harde klanke wat hulle gehoor affekteer. Dit kan ook wees dat hulle so gewoond daaraan is om musiek oor en oor te speel, dat hulle nie die eerste keer luister nie. | <ul style="list-style-type: none"> • Jongmense se luistervermoë is swak. OF • Jongmense kan nie goed luister nie. OF (Of soortgelyk) |
| 4 Rekenaarspeletjies leer jongmense om kanse te waag. Hierdie speletjies leer 'n mens dat daar altyd 'n geleentheid is om weer te probeer. Maar in die regte lewe is dit nie altyd moontlik om jou foute reg te stel nie. Jongmense leer hierdeur om goed te dink voordat hulle kanse waag. | <ul style="list-style-type: none"> • Jongmense waag (maklik) kanse. OF • Jongmense dink goed voordat hulle kanse waag. OF (Of soortgelyk) |
| 5 Die adverteerders weet hoe belangrik materiële dinge vir jongmense is. Die media maak dus seker dat hulle bekende handelsname en duur tegnologie oral adverteer. Om hierdie dinge te koop, het jongmense geld nodig. Geld speel daarom 'n groot rol in ons jongmense se lewens. | <ul style="list-style-type: none"> • Geld/Materiële dinge is belangrik vir jongmense. OF • Jongmense is materialisties. OF (Of soortgelyk) |
| 6 Jongmense beleef deesdae traumatische situasies en sien skokkende dinge wat ouer mense nooit in hulle jong dae geken het nie. Dis asof die geweld en misdaad jongmense rebels maak teenoor die lewe. Baie jongmense glo misdaad is buite beheer en maak planne om die land te verlaat. | <ul style="list-style-type: none"> • Jongmense ervaar geweld en/of sien misdaad. (of andersom) |
| Jongmense beleef deesdae traumatische situasies en sien skokkende dinge wat ouer mense nooit in hulle jong dae geken het nie. Dis asof die geweld en misdaad jongmense rebels maak teenoor die lewe. Baie jongmense glo misdaad is buite beheer en maak planne om die land te verlaat. | <ul style="list-style-type: none"> • Jongmense is rebels. |

| | | |
|---|---|---|
| | Jongmense beleef deesdae traumatische situasies en sien skokkende dinge wat ouer mense nooit in hulle jong dae geken het nie. Dis asof die geweld en misdaad jongmense rebels maak teenoor die lewe. Baie jongmense glo misdaad is buite beheer en maak planne om die land te verlaat. | • Jongmense wil die land te verlaat. |
| 7 | Anders as in die verlede, glo jongmense dat grootmense respek moet verdien. Respek word nie outomaties aan ouerdom gekoppel nie. Volwassenes moet dus so optree dat die jeug hulle sal respekteer. | • Jongmense glo dat grootmense respek moet verdien. |
| 8 | Jongmense verkies deesdae familielede as rolmodelle. Tradisionele rolmodelle, soos sport- en rolprentsterre, is nie meer so belangrik soos in die verlede nie. | <ul style="list-style-type: none"> • Jongmense het familielede as rolmodelle. OF • Jongmense sien nie meer sport- of rolprentsterre as hul rolmodelle nie. OF (Of soortgelyk) |

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

SINSTRUKTURE

- Die **ge-** moet as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Die **te** moet in verbinding met die infinitief as **twee woorde** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

VRAAG 5: SUN SURE-produkte ADVERTENSIE [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 Februarie 2010]

| | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENKVLAK |
|-----|---|-------------|-----------|---|-----------------|
| 5.1 | oppas/versorg/insmeer ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik sinonieme gepas. | 2 |
| 5.2 | kinderjare ✓ | 1 | 4 | 1: Vorm samestellings deur verbindingsklanke. | 2 |
| 5.3 | skadelike/skadelikste ✓ | 1 | 4 | 1: Identifiseer en gebruik woordsoorte (attributiewe byvoeglike naamwoord) akkuraat. | 1 |
| 5.4 | goedkoop ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik antonieme gepas. | 1 |
| 5.5 | Jy kan heeldag op die strand speel terwyl Sun Sure vir jou vel sorg . ✓ OF Jy kan heeldag speel op die strand terwyl Sun Sure sorg ✓vir jou vel | | | 2: Gebruik voegwoorde akkuraat. Werkwoord in 2de sin skuif na die einde van die sin na die gebruik van voegwoord groep 3 . | |
| 5.6 | Waaronder/Waar lê die kinders? ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik vraagsinne. Vraagwoord begin die vraag met vraagteken aan die einde van die sin . | 1 |
| 5.7 | m.a.w.✓ (Die punte is noodsaaklik.) | 1 | 4 | 1: Gebruik 'n wye verskeidenheid alledaagse afkortings. | 1 |
| 5.8 | lig ✓ | 1 | 4 | 1: Herken /onderskei homofone. | 1 |
| 5.9 | haar ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik persoonlike voornaamwoorde gepas. | 2 |

| | | | | | |
|----------------------|--|---|---|--|---|
| 5.10 | <p>Sun Sure-produkte word (deur al die kinders) gebruik.✓ OF Sun Sure-produkte word gebruik (deur al die kinders).✓ OF Sun Sure-produkte word gebruik. ✓</p> | 1 | 4 | <p>1: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek. Begin met voorwerp; gebruik > word ... gebruik en deur al die kinders is opsioneel.</p> | 2 |
| 5.11 | <ul style="list-style-type: none"> • Dit impliseer dat die room soos 'n sambrel is.✓ • Dit keer die son weg/beskerm jou teen die son.✓ • Dit neem die plek van 'n sambrel in.✓ • Jy kan die son weer geniet.✓ <p>(Enige EEN of soortgelyk)</p> | 1 | 4 | <p>3: Verduidelik geïmpliseerde betekenis.</p> | 3 |
| SUBTOTAAL: 11 | | | | | |

VRAAG 6: STROKIESPRENT [Verwerk uit: *Taalgenoot*, Des./Jan. 2009]

| | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENKVLAK |
|-----|---|-------------|-----------|---|-----------------|
| 6.1 | <p>Ben vra vir Basie [of hy weet✓] [dat hulle✓] [lede van die ATKV is.✓] OF Ben vra vir Basie [of hy weet✓] [dat hulle✓] [lede is van die ATKV.✓] OF Ben vra vir Basie [of hy weet✓] [hulle✓] [is lede van die ATKV.✓] (Nasierers moet daarop let dat die woorde tussen hakies in die korrekte volgorde moet wees voordat die punt vir die voornaamwoord of werkwoord toegeken kan word).</p> | 3 | 4 | <p>2: Gebruik indirekte rede met of (vgw 3) korrek met of sonder dat. Voornaamwoorde verander: jy >hy;x ons>hulle; werkwoord voor of na die voorsetselgroep</p> | 1 |

| | | | | | |
|----------------------|--|---|---|--|---|
| 6.2 | Ons het baie voordele gehad. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik verlede tyd korrek. het (eerste hulpww.) tweede plek in die sin + gehad (tweede ww.) aan die einde van die sin. | 2 |
| 6.3 | Dit sluit nie studielenings in nie. ✓ OF Dit sluit studielenings nie in nie. ✓ OF Dit sluit geen/g'n studielenings in nie. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik ontkennende vorm korrek. Dubbele nie: eerste nie na werkwoord/selfstandige naamwoord en 2de nie aan einde van sin. | 1 |
| 6.4 | C/verbaas ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik leenwoorde gepas. Eish – leenwoord uit Xhosa. | 3 |
| 6.5 | onderwyseres ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik geslagsvorme korrek. | 1 |
| 6.6 | uit ✓ | 1 | | 2: Gebruik voorsetsel in vaste verbinding. | 1 |
| 6.7 | Hulle behoort sakke vol geld te maak. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief, behoort ... te + ww. | 2 |
| 6.8 | skatryk/stinkryk ✓ (Een woord) | 1 | 4 | 1: Gebruik intensiewe vorme korrek. | 1 |
| 6.9 | Prokureur!/?✓ Sê liewer proku...rower!/.✓ Nee, ✓ek wil nie studeer nie. | 3 | 4 | 2: Gebruik punktuasie korrek vir beklemtoning: - uitroepteken/vraagteken - uitroepteken/punt - komma | 1 |
| 6.10 | Dis stereotiperend omdat hy • (wie?) (alle) prokureurs ✓ • (hoe?) as oneerlik/skelms/rowers/diewe/boewe ✓ uitbeeld. | 2 | 4 | 3: Identifiseer stereotipering. | 3 |
| SUBTOTAAL: 15 | | | | | |

VRAAG 7: GRAPPIE [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 Februarie 2010]

| | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENKVLAK |
|---------------------|---|-------------|-----------|---|-----------------|
| 7.1 | skilpadjie✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik verkleiningsvorm korrek. | 1 |
| 7.2 | misbruik✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik selfstandige werkwoorde korrek. | 2 |
| 7.3 | <p>Byvoorbeeld:</p> <p>Die man geniet sy dop. Hy kan nie sonder sy dop leef nie. Die eier se dop is wit. (eierdop) Die bottel se dop is weg. Die kind dop 'n toets. Ek dop die ertjies (uit). Die onderwyser hou ons dop.</p> <p>(Enige relevante sin waar dop iets anders beteken as 'n skilpad se dop, maar nie in die verkleiningsvorm of die meervoudsvorm nie. Samestelling word aanvaar.)</p> | | | 1: Gee 'n ander betekenis van die woord in 'n sin. | |
| 7.4 | C/Hy loop twee rye spore.✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik 'n wye verskeidenheid figuurlike taal soos idiome gepas. | 2 |
| SUBTOTAAL: 4 | | | | | |

VRAAG 8: TYDSKRIFARTIKEL-OPSKRIF [Uit: *Huisgenoot*, 25 Februarie 2010]

| | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK VLAK |
|----------------------|--|-------------|-----------|---|------------------|
| 8.1 | <ul style="list-style-type: none"> • televisie • TV • beeldradio • 'n televisiestel/televisie-stel ✓ <p>(Spelling moet korrek wees)</p> | 1 | 4 | 2: Gebruik 'n wye verskeidenheid figuurlike taal gepas. | 2 |
| 8.2 | gemolesteerde ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik deelwoorde korrek. Verlede deelwoord: ge + molesteer + de . | 2 |
| 8.3 | Oprah het arm grootgeword, tog het sy ✓ haar bes gedoen. | 1 | 4 | 2: Gebruik voegwoorde akkuraat. Werkwoord in 2de sin skuif in na voegwoord groep 2 . | 2 |
| 8.4 | Oprah sal/gaan baie mense motiveer .✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik toekomende tyd korrek. sal na onderwerp; motiveer aan die einde van die sin. | 1 |
| 8.5 | <ul style="list-style-type: none"> • Niks ✓ was vir haar te moeilik nie.✓ • iets was nie x vir haar te moeilik nie. = ✓ | 2 | 4 | 2: Gebruik ontkennende vorm korrek. Dubbele ontkenning: iets > niks en 2de nie aan einde van sin . | 2 |
| 8.6 | Oprah praat elke dag (tyd) opgewonde (wyse) op die kassie (plek) ✓oor haar suksesstorie. (Ken slegs die punt toe indien die sin volledig neergeskryf is.) | 1 | 4 | 2: Gebruik gepaste woordorde in sinne. Volgorde van bywoordelike bepalings: tyd , wyse en plek . | 1 |
| 8.7 | moed ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik homofone gepas. | 1 |
| 8.8 | Glo aan jou drome! OF Glo aan jou drome. OF Jy moet aan jou drome glo ! OF Jy móét aan jou drome glo . ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik verskillende sinsoorte. Bevelsin begin met werkwoord; uitroepteken of punt aan einde van sin. | 1 |
| 8.9 | daarvoor✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik voornaamwoorde (aanwysend) akkuraat. vir > voor ; dit > daar . | 2 |
| SUBTOTAAL: 10 | | | | | |

TOTAAL AFDELING C: 40**GROOTTOTAAL: 80**

KONROLELYS BY DIE OPSTEL EN MODERERING VAN 'N VRAESTEL.

Die suksesvolle paradigmaverskuiwing van inhoudgedrewe onderrig en toetsing na die assessorering van kennis en vaardighede deur middel van die teksgerigte en kommunikatiewe benadering vereis dat al die onderliggende aspekte van die Nasionale Kurrikulumverklaring in onderrig en leer beslag sal kry.

Sleutelvrae wat 'n rol sal speel in die beoordeling van toetse/assessoreringstake sal die volgende wees:

| KONROLELYS VIR DIE OPSTEL EN MODERERING VAN VRAESTEL1 | | |
|--|-------------|-------------------|
| BEGINSELS | VRAE | KOMMENTAAR |
| 1. Sosiale transformasie | ✓ | |
| 2. Hoë kennis en vaardighedsvlakke | ✓ | |
| 4. Progressie | ✓ | |
| 5. Artikulasie/oordraagbaar | ✓ | |
| 6. Menseregte/inklusiwiteit | ✓ | |
| 7. Waardering vir inheemse | ✓ | |
| 8. Geloofwaardigheid/doeltreffend | ✓ | |
| Kritieke en ontwikkelingsuitkomste | | |
| Kritieke uitkomste: | | |
| 1. Identifiseer/los probleme op | ✓ | |
| 2 Werk doeltreffend in groepe | N.v.t. | |
| 3. Selfwerkzaamheid | ✓ | |
| 4. Inligting versamel/reageer | ✓ | |
| 5. Kommunikeer doeltreffend | ✓ | |
| 6. Gebruik teg. wet. doeltreffend | X | |
| 7. Die wêreld as sisteem | ✓ | |
| Ontwikkelingsuitkomste | | |
| 1. Verskillende leerstrategieë | ✓ | |
| 2. Verantwoordelike burgerskap | ✓ | |
| 3. Kultuur/esteties sensitief | ✓ | |
| 4. Beroepsmoontlikhede | ✓ | |
| 5. Entrepreneurskap | ✓ | |
| LEERUITKOMS 2: LEES EN KYK | | |
| Lees/kyk vir begrip en waardering | | |
| • Maak voorspellings | ✓ | |
| • Identifiseer hoofgedagtes | ✓ | |
| • Ondersteunende gedagtes uitlig | ✓ | |
| • Som hoofgedagtes op | ✓ | |
| • Lei woordbetekenis uit konteks af | ✓ | |
| • Herlees vir begrip | ✓ | |
| Betekenis van verskeidenheid tekste | | |
| • Toepaslike inligting vind | ✓ | |
| • Seleksie/weglating van inligting beïnvloed betekenis | ✓ | |
| • Onderskei tussen feite en menings | ✓ | |
| • Verskil tussen direkte en verskuilde betekenis | ✓ | |
| • Herken skrywer se standpunt | ✓ | |
| • Herken/verduidelik die impak van figuurlike taal, bv. woordspeling en metafoor | ✓ | |
| • Vergelyk skrywer se afleiding met eie | ✓ | |
| • Interpretier grafiese teks (prent) | ✓ | |
| • Gee/motiveer persoonlike respons op teks met oortuiging | ✓ | |

| | | |
|---|---|--|
| Hoe taal/beelde waardes en houdings weerspieël en vorm in tekste | | |
| • Verduidelik die aard van partydigheid. | ✓ | |
| Verken hoofkenmerke van kreatiewe teks en verduidelik hoe betekenis deur interaksie geskep word | | |
| • Identifiseer die impak op betekenis van tegnieke soos die gebruik van hoofopskrifte en onderskrifte. | ✓ | |
| LEERUITKOMS 4: TAAL | | |
| Identifiseer/verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n wye verskeidenheid tekste: | | |
| • Pas kennis toe van spelpatrone | ✓ | |
| • Gebruik alledaagse afkortings | ✓ | |
| • Gebruik woordeboek | ✓ | |
| • Afleidings en samestellings | ✓ | |
| • Geslags- en meervoudsvorme en verkleining | ✓ | |
| • Verboë vorme en intensiewe vorm | ✓ | |
| • Hoe tale van mekaar leen | ✓ | |
| • Herken/gebruik homonieme, homofone en ander verwarringende woorde | ✓ | |
| • Sinonieme en antonieme | ✓ | |
| Gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel: | | |
| • Gebruikwoordsoorte soos voorsetsels, werkwoorde, voornaamwoorde akkuraat | ✓ | |
| • Gebruik deelwoorde korrek | ✓ | |
| • Gebruik verlede en toekomende tyd korrek; ook infinitief | ✓ | |
| • Gebruik sinsoorte soos stelsin en bevelsin | ✓ | |
| • Gebruik passief/lydend gepas | ✓ | |
| • Gebruik indirekte rede korrek | ✓ | |
| • Gebruik ontkennende vorm korrek en op verskillende maniere | ✓ | |
| • Gebruik gepaste woordorde | ✓ | |
| • Gebruik punktuasie korrek vir beklemtoning | ✓ | |
| • Gebruik figuurlike taal soos idiome gepas | ✓ | |
| Ontwikkel kritiese taalbewustheid: | | |
| • Verduidelik geïmpliseerde betekenis | ✓ | |
| • Identifiseer stereotipering | ✓ | |